DIE VERBAND TUSSEN AGGRESSIE EN SOSIALE VAARDIGHEDE

Wiandi Storm

Werkstuk ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad Magister in Voorligtingsielkunde aan die Universiteit van Stellenbosch.

Studieleier

Me. W.H. Theron

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

Geweld en aggressie is besig om 'n allerdaagse verskynsel in die Suid-Afrikaanse gemeenskap te word. Dié geweld het geen grense ten opsigte van kultuur, ouderdom of geslag nie en oefen sigbare druk op sosiale, ekonomiese en interpersoonlike vlakke uit. Die doel van hierdie werkstuk was om die moontlike verband tussen aggressie en sosiale vaardighede aan die hand van 'n literatuurstudie te bespreek. Verskeie teorieë is bespreek om die ontwikkeling van aggressie en sosiale vaardighede asook die verband tussen die twee veranderlikes te ondersoek. Daar is hoofsaaklik gefokus op die invloed van blootstelling aan aggressie en/of sosiale vaardighede in die kinderjare. Die ontstaan van aggressie en sosiale vaardighede speel 'n belangrike rol by die verklaring van die verband tussen aggressie en sosiale vaardighede. Daar is gefokus op eksterne faktore naamlik sosio-politiese en sosio-ekonomiese faktore asook faktore op 'n meer interpersoonlike vlak naamlik die gesin en die opvoedingstelsel buite die gesin. Navorsers het gevind dat daar 'n verband is tussen aggressie en 'n tekort aan spesifieke sosiale vaardighede naamlik: effektiewe kommunikasievaardighede, selfgelding, konflikbestuur of probleemoplossingsvaardighede, ontsluiting en emosionele ondersteuning. Ten slotte is aanbevelings met die oog op toekomstige navorsing gemaak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ABSTRACT

Violence and aggression are becoming commonplace occurrences in the South African society. It has no cultural, age or gender preference and its effects are becoming more and more visible in the economic, social and interpersonal levels. This assignment aimed to reflect the relationship between aggression and social skills by means of a literature survey. Different theories were discussed to explain the development off aggression and social skills as well as the relationship between these two variables. The primary focus was on the influence of exposure to aggression and/or social skills in childhood years. The development of aggression and social skills plays an important role when it comes to the clarification of the interaction between aggression and social skills. The focus was on external factors like socio-political and socio-economical factors, as well as factors on a more interpersonal level like the family and the education system outside the family. Researchers found that there is an interaction between aggression and the shortfall off specific social skills like: effective communication skills, assertiveness, conflict management or problemsolving skills, disclosure and emotional support. In conclusion, recommendations are made with future research in mind.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DANKBETUIGING

Die voltooiing van hierdie werkstuk is moontlik gemaak alleen deur die ondersteuning, leiding, belangstelling en aanmoediging van verskeie persone. Ek betuig my opregte dank en eindlose waardering aan:

My Skepper wat my die vermoë gegee het om die werkstuk af te handel.

Me. W.H. Theron vir haar studieleiding en geduld.

Prof. Van der Westhuizen vir sy verwagtinglose belangstelling en ondersteuning.

Martin vir sy liefde, geduld en onophoudelike aanmoediging.

My familie en vriende vir hul belangstelling.

Mignon vir haar aanmoediging en geduld.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

VERKLARING ii

OPSOMMING iii

ABSTRACT iv

DANKBETUIGING v

INHOUDSOPGAWE vi

LYS VAN FIGURE vii

1. **Definisies** 3

1.1 Aggressie 3

1.2 Sosiale vaardighede 3

2. **Teorieë** 5

2.1 Aggressie 5

2.1.1 Drangteorie 6

2.1.2 Frustrasie-aggressieteorie 6

2.1.3 Sosiale leerteorie 7

2.1.4 Clark se alternatiewe teorie oor aggressie 9

2.2 Sosiale vaardighede 10

2.2.1 Sosiale leerteorie 10

2.2.2 Terugvoer-bindingsmodel 11

3. **Die verband tussen aggressie en sosiale vaardighede** 12

3.1 Eksterne faktore 14

3.1.1 Sosio-politiese en sosio-ekonomiese faktore 14

3.1.2 Media 17

3.2 Interpersoonlike faktore 17

3.2.1 Gesin 17

3.2.2 Opvoedingstelsels buite die gesin 21

4. **Samevatting en aanbevelings** 24

VERWYSINGSLYS 27

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

LYS VAN FIGURE

1. Hiërargiese model van gedragsreaksies op frustrasies. 7

2. Die Terugvoer-bindingsmodel. 11

3. Gevolge van blootstelling aan aggressie 13

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Geweld is 'n realiteit in Suid-Afrika en baie Suid-Afrikaners het persoonlike anekdotes van traumatiese ervarings. Alle Suid-Afrikaners word deur geweld geraak, ongeag aan watter kultuurgroep en ouderdomsgroep hulle behoort. Geweld, misdaad en aggressie oorheers feitlik daagliks die hoofopskrifte van verskillende koerante. Opskrifte soos Soldaat skiet ma van sy kind op Montagu dood; pleeg selfmoord (2001); Moord op skoolmeisie, lyk by rivierwal afgegooi (2001); Derde moord in maand by Mosselbaai (2001); Wes-Kaap moord-mekka (2001); Dubbele plaasmoorde skok (2001); en Rowers skiet twee polisie dood in Paardeneiland (2001) is maar net 'n paar voorbeelde van die rapportering van die toenemende geweld in Suid-Afrika. Sedert 1994 dui misdaadsyfers in Suid-Afrika op 'n drastiese verhoging in gewelddadige misdade soos aanranding, verkragting, roof, kindermishandeling, poging tot moord en moord (National and Provincial Crime Statistics, 2000).

Wat is die moontlike oorsake en bydraende faktore wat tot die huidige stand van sake lei? As gevolg van die tekort aan reeds bestaande navorsing oor die verband tussen aggressie en sosiale vaardighede het die huidige outeur besluit om aandag te skenk aan die ontstaan van aggressie en sosiale vaardighede om sodoende die verband tussen hierdie veranderlikes te kan bespreek. Aan die hand van prominente teoretiese raamwerke en 'n literatuurstudie sal vervolgens aandag geskenk word aan faktore wat aggressie veroorsaak.

Sosiale faktore wat verder 'n bydrae tot die manifestasie en uitdrukking van aggressie lewer is disfunksionele en disorganiseerde gesinne wat deur swak en ontwrigte gesinsverhoudings gekenmerk word, wat dikwels ook kindermishandeling en verwaarlosing insluit (Buckenham, 1999; Middleton & Cartledge, 1995), stresvolle lewensomstandighede, oorbevolking en lae sosio-ekonomiese agtergrond (Berkowitz, 1993; Burman & Reynolds, 1986). Blootstelling aan aggressiewe rolmodelle, soos

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mediakarakters, bendes, ouers en 'n portuurgroep, kan ook 'n verhoging in aggressiewe gedrag veroorsaak (Krüger, Rech & Van Staden, 1993).

Lande soos Amerika het op die toenemende geweld, veral onder die jeug gereageer. Daar word gepoog om geweld, aggressie en ander gedragsprobleme te voorkom deur verskillende sosiale vaardigheidopleidingsprogramme in die gemeenskappe te implementeer. Dié sosiale vaardigheidopleidingsprogramme fokus nie net op die jeug en volwassenes nie, maar ook op voorskoolse kinders deurdat hulle basiese vaardighede aanleer, soos hoe om vriende te maak en hoe om hulp te vra. Dié verskillende programme fokus ook op die aanleer van vaardighede soos kommunikasievaardighede (verbaal en nie-verbaal), selfgelding, krisishantering en probleemoplossingsvaardighede of konflikhantering (American Academy of Child and Adolescent Psychiatry, 1999). Die eindresultate van die Baltimore-program en die Good Behavior Game het byvoorbeeld getoon dat 'n verlaging in aggressie positief korreleer met toename in sosiale vaardighede. In Seattle is 'n program vir die ontwikkeling van sosiale vaardighede toegepas, wat daarop gedui het dat sosiale vaardighede as 'n beskermende faktor of buffer teen geweld optree. In Suid-Afrika is daar omtrent geen soortgelyke programme om aggressie te probeer voorkom of te verminder nie. Daar is wel al programme binne korrektiewe dienste geloods, wat primêr op die verwerwing van selfgelding gefokus het, om sodoende aggressievlakke te probeer verlaag (Brown, 1997; Hick, 1986; Pretorius, 1986).

Indien 'n land soos Amerika geweld deur middel van nasionale sosiale vaardigheidsopleidingsprogramme aanspreek, waarom doen Suid-Afrika nie ook dieselfde nie? Die antwoord lê moontlik daarin dat die nodige navorsing oor die verband tussen aggressie en sosiale vaardighede in die Suid-Afrikaanse konteks nog nie gedoen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is nie. Daarom poog die huidige outeur om die leemte in navorsing in Suid-Afrika oor aggressie en sosiale vaardighede, aan die hand van 'n literatuurstudie, aan te spreek.

1. **Definisies:**

1.1 Aggressie

Aggressie is enige vorm van gedrag wat daarop gemik is om 'n ander persoon skade te berokken, te beseer, pyn te veroorsaak of te vernietig (Baron & Richardson, 1994). Daar is verskeie vorme van aggressie. Buss (1961) onderskei tussen *fisiese aggressie* (bv. baklei, slaan, skop en byt), *verbale aggressie* (bv. verbale dreigemente en skinder), *direkte aggressie*, *indirekte aggressie*, *aktiewe aggressie* (fisiese, verbale, direkte of indirekte aggressie) en *passiewe aggressie* (blokkering van 'n individu se bereiking van sy doel). Volgens Berkowitz (1993) kan daar ook tussen *instrumentele aggressie* en *vyandige aggressie* onderskei word. *Instrumentele aggressie* kom voor wanneer aggressie gebruik word om 'n objek, 'n gebied of 'n voorreg te verkry of terug te neem. Die primêre doel van *vyandige aggressie* is om 'n ander persoon te beseer of dood te maak, omdat dit vir die aggressiewe persoon bevredigend is om ander te sien seerkry, ly of sterf. Volgens Ramirez (aangehaal in Brennan, 1998) kan aggressie ook in drie kategorieë verdeel word. Eerstens is daar *inter-spesifieke aggressie*. Dié *aggressie* is nie daarop gerig om jouself te beskerm of om wins te maak nie maar volg onwillekeurig op 'n snellerstimulus. Tweedens sluit *intra-spesifieke aggressie* al die aggressie in wat in sosiale interaksies te voorskyn kom. Derdens is daar *reaktiewe aggressie* wat hoofsaaklik beskerming ten doel het.

1.2 Sosiale Vaardighede

Sosiale vaardighede is 'n multidimensionele begrip wat op 'n interpersoonlike vlak manifesteer. Sosiale vaardighede word verklaar as 'n stel losstaande begrippe wat met

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mekaar verband hou en uit gedagtes, kognisies en gedrag bestaan (Spence & Shepherd, 1983).

Water, Wippman en Stroufe (1979) beskryf sosiale vaardighede as die vermoë om omgewings-en persoonlike bronne effektief te gebruik om verhoudings te bou en te onderhou asook om konflik te hanteer. Volgens Hargie, Saunders en Dickson (1994) is dit makliker om sosiale vaardighede te definieer ten opsigte van die doel van vaardighede, soos die gebruik daarvan, eerder as om presies te sê wàt sosiale vaardighede is.

Omdat sosiale vaardighede as 'n multidimensionele begrip bestempel word, is dit belangrik dat verskillende vorme van sosiale vaardighede bespreek word. Die mees bekende en algemeen aanvaarde sosiale vaardighede is *verbale* en *nie-verbale kommunikasievaardighede, selfgelding, konflikbestuur* of *probleemoplossings-vaardighede* (Hargie et al., 1994). *Kommunikasievaardighede* word gedefinieer as die proses waardeur informasie, betekenis en gevoelens deur die uitruil van verbale of nie-verbale boodskappe oorgedra word. *Selfgelding* is daardie eienskap van 'n persoon om hom-/haarself in interpersoonlike situasies te laat geld. Dit impliseer dat die persoon onder meer in staat is om sonder oormatige spanning persoonlike versoeke te rig, versoeke te weier, positiewe sowel as negatiewe gevoelens uit te druk, gesprekke te begin en te beëindig, en om 'n eie standpunt te kan inneem en te kan handhaaf. *Konflikbestuur* en *probleemoplossingsvaardighede* behels die regte toepassing van selfgelding asook die vaardigheid om al die verskillende feite oor 'n spesifieke situasie in te samel, die implikasies en gevolge te analiseer en 'n besluit te neem wat die suksesvolste en sosiaal aanvaarbare uitkoms sal hê (Covey & Dengerink, 1984; Hargie et al., 1994).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verdere vorme van sosiale vaardighede sluit die volgende in: *ontsluiting, emosionele ondersteuning en inisiëring van interaksie* (Burhmester, Furman, Wittenberg & Reiss, 1988). *Ontsluiting* van persoonlike informasie gedurende kommunikasie is 'n verbale en nie-verbale proses waartydens persoonlike inligting wat emosies, gevoelens en agtergrondinligting insluit, gekommunikeer word. Dit behels ook die uitdrukking van psigologiese en fisiese gehegtheid in 'n verhouding. *Emosionele ondersteuning* is die gee van sosiale ondersteuning en 'n informele hulpproses gedurende interaksie. *Emosionele ondersteuning* bestaan uit gedrag soos simpatie, empatie, advies, passiewe luister en troos. Die *inisiëring van interaksie* behels 'n ongestruktureerde sosiale kommunikasie soos om jouself voor te stel, met ander woorde om interaksie met ander te begin. Burhmester et al. (1988) het deur hul navorsing bevind dat al die verskillende vorme van sosiale vaardighede onder vyf hoof-kategorieë, naamlik *selfgelding, konflikbestuur, inisiëring van interaksie, ontsluiting* en *emosionele ondersteuning* gegroepeer kan word.

2. **Teorieë**

Soos reeds genoem word baie aandag geskenk aan die oorsaaklike faktore wat bydra tot aggressie en daarom is diè volgende teorieë wat bespreek word relevant tot hierdie werkstuk.

2.1. Aggressie

Vier teorieë, naamlik die *drangteorie, frustrasie-aggressieteorie*, *sosiale leerteorie* en *Clark se alternatiewe teorie oor aggressie* word kortliks bespreek aangesien dit histories gebruik is as die belangrikste vertrekpunte vir navorsing oor aggressie. Dit moet egter uitgelig word dat die drangteorie en frustrasie-aggressie teorie nie meer die belangrikste teorieë is nie. Die sosiale leerteorie en Clark se alternatiewe teorie oor aggressie bied

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

egter wel besonder toepaslike verklarings vir die invloed van die omgewing op die aanleer van aggressiewe gedrag soos dit manifesteer binne die Suid-Afrikaanse konteks.

2.1.1 Drangteorie

Hierdie teorie beskryf geweld en aggressie as die resultaat van 'n dryfkrag in die mens en word ook die *intra-psigiese teorie* genoem. Freud het drie verskillende drangteorieë oor aggressie onderskei. Sy vroegste siening oor aggressie was dat aggressie en seksualiteit verband hou met mekaar. Hierdie beskouing is later deur die *egoteorie* vervang. Volgens die *egoteorie* sal 'n persoon of objek aangeval of vermy word indien dit drangbevrediging blokkeer. Hierdie teorie word later die basis vir die bekende *frustrasie-aggressieteorie*. Verdere genetiese en biologiese faktore word ook beklemtoon as belangrike determinante van aggressie (Berkowitz, 1993).

2.1.2 Frustrasie-aggressieteorie

'n Groep leerteoretici, John Dollard, Leonard Doob, Neal Miller, O.H Mowrer en Robert Sears, het in 1939 Freud se frustrasie-aggressieteorie aangepas. Volgens Dollard en sy kollegas (aangehaal in Baron & Richardson, 1994) ontlok frustrasie 'n aanhoudende aansporing tot aggressie. Die aanhoudende aansporende gedrag kan deur vrees vir straf geblokkeer word. In sulke situasies hou die aansporing aan en dit kan tot 'n aanval op 'n weerloser persoon as sagte teiken lei. As 'n man in Eersterivier, byvoorbeeld, deur die optrede van bendes gefrustreer word, sal hy eerder aggressiewe gedrag teenoor sy vrou en kinders toon, wat nie dieselfde gevaar of bedreiging as die bendes vir hom inhou nie. Die frustrasie-aggressiehipotese is al grootliks gewysig, maar sekere navorsers steun nog steeds die oorspronklike hipotese (Berkowitz, 1993). Latere teoretici het beweer dat frustrasie ook in ander gedragsvorme tot uitdrukking kan kom en dat aggressie ook deur ander faktore as frustrasie veroorsaak word. Frustrasie lei dus nie altyd en noodwendig tot aggressie nie (Baron & Richardson, 1994; McKendrick & Hoffman, 1990).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 1 is 'n diagrammatiese voorstelling van die moontlike verskillende reaksies op frustrasie. Frustrasie word as 'n stimulus aangedui wat aanleiding kan gee tot 'n reeks gedragsreaksies, wat hiërargies gerangskik is volgens die waarskynlikheid waarin dit kan voorkom. Die reaksies wat aanvanklik 'n hoë posisie in hierdie hiërargie beklee en nie versterk word nie, sal in die hiërargie afskuif. Die reaksies wat die meeste versterk word, sal dus in die hoogste posisie bly. Indien aggressie byvoorbeeld nie versterk of beloon word nie, sal dit nie 'n hoë posisie in die hiërargie beklee nie en daar sal dan ander reaksies wees wat op frustrasie volg (Dollard & Miller, aangehaal in Van der Westhuizen, 1982).



Figuur 1. Hiërargiese model van gedragsreaksies op frustrasie.

2.1.3 Sosiale leerteorie

Die sosiale leerteorie van Bandura (1973) het ook die aandag van teoretici van die veronderstelling dat daar innerlike determinante van aggressie is, verskuif na die analise van menslike reaksie op eksterne invloede. Bandura skryf soos volg:

> "In the social learning view, man is neither driven by inner forces nor buffered helplessly by environmental influences. Rather, psychological functioning is best understood in terms of reciprocal interaction between behaviour and its controlling conditions. People

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

are not born with preformed repertoires of aggressive behaviors; they must learn them in one way or another."(p. 61)

Bandura erken die rol van biologiese en ander motiverende faktore, maar beklemtoon die belangrikheid van sosiale leer. Volgens Bandura (1973) word gedrag en emosionele reaksies bloot deur die waarneming van ander en die nabootsing van hulle aggressiewe gedrag aangeleer. Hy beklemtoon die kognitiewe vermoëns van die mens in die leerproses. Omdat die mens die vermoë het om waar te neem, te simboliseer en die gevolge van sy gedrag te interpreteer, kan hy verwagtinge vorm en die beloning of straf wat op sy gedrag mag volg, voorspel. Bepaalde kognitief-perseptuele prosesse is 'n voorvereiste vir effektiewe sosiale leer.

Aandag: Sosiale leer is minder suksesvol as daar nie noukeurig aan die rolmodel se gedrag aandag gegee word nie.

Retensie: Waarneming wat simbolies gekodeer en in die begin vasgelê word.

Motoriese reproduksieprosesse: Waargenome gedrag moet werklik of in die verbeelding herhaal of geoefen word.

Motivering: Versterking kan die voorkoms van die waargenome gedrag verhoog, maar is nie 'n voorvereiste vir die aanleer van gedrag nie.

Volgens Bandura (1973) is geweld aangeleerde aggressiewe gedrag wat aanhoudend deur die samelewing se houding en reaksie op geweld versterk word. Kinders wat aggressiewe gedrag waargeneem het, toon soortgelyke gedrag selfs ses maande nà blootstelling aan die gedrag. Die suksesvolle aanleer van gedrag beteken nie dat dit onmiddellik uitgevoer hoef te word nie. Modellering skyn kragtiger te wees as direkte ervaring aangesien modellering die geleentheid skep om nie alleen die gedrag te observeer nie, maar ook die uitkoms en gevolg daarvan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit is belangrik om daarop te let dat die sosiale leerteorie 'n meer optimistiese teorie is as die ander teorieë wat tot dusver bespreek is. Die sosiale leerteorie beweer dat aggressie voorkom kan word deur die geskikte sosiale omstandighede te skep. Die moontlikheid bestaan dus dat aggressiewe gedrag deur sosiale toestande gereguleer kan word (Baron & Richardson, 1994).

2.1.4 Clark se alternatiewe teorie oor aggressie

Die teorie verklaar aggressiewe gedrag as 'n metode van kommunikasie, indien ander sosiale vaardighede ontbreek, om die bedreiging van psigiese behoeftes aan te spreek. Groepsgebondenheid word deur Clark (1998) as 'n belangrike psigiese behoefte beskryf, want dit is die uitgebreide vorm van die moeder-kind-verhouding. Verder het die mens 'n sterk dryfkrag vir outonomie (vryheid van aksie), eksplorasie en leer omtrent die omgewing. Hierdie dryfkrag vir outonomie en eksplorasie is noodsaaklik vir stimulering van interneuron-sinapse en verhoging van intelligensie. Ook het die mens 'n behoefte aan betekenis. Betekenis is die basis van taal, die belangrikste vorm van kommunikasie. Sonder betekenis het die mens geen sosiale identiteit nie en geen doel vir bestaan nie (Clark, 1998).

Al bogenoemde psigiese behoeftes, naamlik gebondenheid, dryfkrag vir outonomie en betekenis, word deur die mens se emosies beskerm, want emosies maak die mens bewus van die tekortkominge of bedreiginge van bogenoemde behoeftes. Dit is deur middel van emosies dat hierdie tekortkominge of bedreiginge met jouself en ander gekommunikeer word. As psigiese behoeftes bedreig word of nie bevredig word nie, is aggressie een manier waarop emosies gekommunikeer word.

Aggressie is 'n baba en jong kind se enigste manier van kommunikasie wanneer hy/sy onder spanning verkeer of ongemaklik is. Indien 'n kind in gunstige huislike

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

omstandighede grootword, beteken dit dat minder fisiese aggressiewe gedrag as 'n vorm van kommunikasie aan die kind geleer word. Dus in dié omstandighede sal kinders gepaste verbale en nie-verbale kommunikasie-vaardighede aanleer asook om sensitief op te tree teenoor andere. Die gebruik van fisiese uitbarstings as 'n kommunikasiewyse word dan deur meer gesofistikeerde kommunikasievorme vervang. Volgens Clark (1998) sal hierdie vervanging van aggressiewe kommunikasie na 'n meer gesofistikeerde kommunikasie dus hoofsaaklik afhang van die besit van neuromotoriese vaardighede, sosiale vaardighede en taalvaardighede. Indien dié vaardighede dus nie teenwoordig is nie en die psigiese behoeftes word nie bevredig nie, word kommunikasie op 'n meer aggressiewe en afbrekende wyse gemanifesteer. In die moderne gemeenskap waar geweld deel van vermaak uitmaak en aggressiewe gedrag algemeen aanvaar word, leer kinders jammerlik egter dat aggressie 'n aanvaarbare vorm van kommunikasie is.

2.2 Sosiale vaardighede

Die huidige outeur het die sosiale leerteorie en terugvoer-bindindsmodel gekies omdat dié teorieë die beste verklaring gee vir die invloed van die omgewing op die aanleer van sosiale vaardighede binne die Suid-Afrikaanse konteks.

2.2.1. Sosiale leerteorie

Die sosiale leerteorie van Albert Bandura is die teorie wat die aanleer, versterking en instandhouding van sosiale vaardighede die beste beskryf (soos reeds omskryf in paragraaf 2.1.3.). Volgens Heimberg en Becker (1981) word sosiale vaardighede van so jonk as drie maande aangeleer. Op dié jong ouderdom is dit hoofsaaklik simbolisering wat help om verhoudings in die kind se onmiddellike omgewing te bou. So word daar, deur middel van interaksie met ouers en die portuurgroep, verskillende vaardighede aangeleer om nuwe vriendskappe te bou en te behou, asook die mees toepaslike gedrag te gebruik in verskillende sosiale situasies.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.2.2 Terugvoer-bindingsmodel

Die terugvoer-bindingsmodel bied 'n verklaring vir die aanleer van sosiale vaardighede. Die rasionaal van die terugvoer-bindingsmodel is dat toepaslike gedrag uitgeoefen moet word om sodoende doelwitte te bereik. Daar is 'n deurlopende siklus van kontrolering en wysiging van gedrag aan die hand van die terugvoer wat uit die omgewing ontvang word. Mislukte doelwitbereiking is die aanduiding van gebrekkige vaardighede wat tot negatiewe resultate en abnormale gedragspatrone aanleiding gee. 'n Diagrammatiese voorstelling van die terugvoer-bindingsmodel van Argyle en Kendon (aangehaal in Tower, Bryant & Argyle, 1978) word vir die verduideliking van die aanleer van sosiale vaardighede aangebied. Figuur 2 illustreer hierdie proses.



Figuur 2. Die Terugvoer-bindingsmodel.

Aangesien 'n volledige bespreking van bogenoemde teorie buite die bestek van hierdie werkstuk val, sal slegs die sentrale komponente van die terugvoer-bindingsmodelteorie vervolgens bespreek word. Dit sluit in persepsie, kognisie, uitvoer en terugvoer.

Persepsie: Dit is die waarneming en ontvangs van terugvoer vanuit die omgewing. Individue benodig inligting uit die omgewing ten einde gepaste gedrag aan te leer en dit suksesvol uit te voer.

Kognisie: Sluit in prosesse soos persepsie, probleemoplossing en besluitneming.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Uitvoering: Die vaardighede wat aangeleer word, word in kleiner komponente opgebreek. Groter sosiale eenhede, soos kommunikasie, word in kleiner sosiale komponente, soos oogkontak, onderverdeel. Die vaardighede word in 'n spesifieke situasie toegepas.

Terugvoer: Terugvoer geskied deurlopend en voltooi die siklus. Indien positiewe terugvoer ontvang word is die doelwit bereik. Die persoon sal weer in 'n soortgelyke situasie van dieselfde sosiale vaardigheid gebruik maak.

3. Die verband tussen aggressie en sosiale vaardighede

Aggressiewe gedrag kan dus met 'n tekort aan spesifieke sosiale vaardighede, naamlik selfgelding, konflikbestuur, kommunikasievaardighede en emosionele ondersteuning geassosieer word (Hains & Herrman, 1989), asook 'n gebrek aan inisiëring van interaksie en ontsluiting (Richardson, Spina, Green & Oksengorn, 1998). Volgens Dodge, Bates en Pettit (1990) spruit aggressiewe gedrag oók uit 'n tekort aan basiese sosiale vaardighede. Individue weet, byvoorbeeld, nie hoe om selfgeldend op te tree nie, of emosionele ondersteuning aan ander te bied nie en word daardeur baie gefrustreerd. Volgens Grohol (1995) veroorsaak 'n tekort aan sosiale vaardighede ook gevoelens van isolasie, alleenheid en lae self-waarde wat tot psigologiese probleme soos depressie, angs en aggressie kan kan lei. Dit is belangrik om daarop te let dat spesifieke sosiale vaardighede nie net aggressiewe gedrag voorkom nie, maar ook help om aggressiewe gedrag te kanaliseer tot meer sosiaal aanvaarbare gedrag (Goldstein, Carr, Davidson & Wehr, 1981). Alhoewel daar min navorsing in Suid-Afrika gedoen is wat aggressie direk met sosiale vaardighede verbind, het Brown (1997), Hick (1986) en Pretorius (1986) bewys dat aggressievlakke verlaag word met die blootstelling aan opleidingsprogramme oor selfgelding. Volgens Munro (1995) het gewelddadige, aggressiewe misdadigers in Suid-Afrika minder sosiale vaardighede, soos selfgelding en konflikbestuur, as misdadigers wat min aggressie toon.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Eksterne faktore en faktore op 'n meer interpersoonlike vlak speel 'n belangrike rol by die manifestasie van aggressie en/of sosiale vaardighede. Eksterne faktore sluit in sosio-politiese en sosio-ekonomiese faktore wat dikwels aanleiding gee tot oorbevolking, armoede en werkloosheid. Die mens word onder andere deur die media aan hierdie faktore blootgestel. Blootstelling aan aggressie en sosiale vaardighede kan ook plaasvind op 'n meer interpersoonlike vlak en sluit die gesin en ander opvoedingstelsels buite die gesin in.

Figuur 3 is 'n skematiese voorstelling van die blootstelling aan aggressie en die gevolge daarvan. Die effek van blootstelling aan aggressie deur middel van ekstene faktore en/of op 'n meer interpersoonlike vlak lei tot eksternalisering van gedrag of internalisering van simptome.



Figuur 3. Gevolge van blootstelling aan aggressie.

Die bespreking wat volg, verduidelik die effek van die blootstelling aan aggressie en wat die invloed van sosiale vaardighede is om hierdie blootstelling te verwerk. Daar word hoofsaaklik gefokus op die invloed van blootstelling aan aggressie en/of sosiale vaardighede op 'n vroeë ouderdom, omdat die manifestasie van gedrag in kinderjare 'n invloed het op die individue se kinder, adolessente en volwasse lewens. Daar sal

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

eerstens aandag geskenk word aan eksterne faktore naamlik sosio-politiese en sosio-ekonomiese faktore soos deur die gemeenskap, portuurgroep, media en skool gereflekteer word. Tweedens sal daar gefokus word op faktore op 'n meer interpersoonlike vlak.

3.1 Eksterne faktore

3.1.1 Sosio-politiese en sosio-ekonomiese faktore

Soos reeds aangedui, is daar genoegsame bewyse dat die blootstelling aan negatiewe lewensomstandighede in 'n gemeenskap, soos oorbevolking, werkloosheid en armoede tot aggressie en geweld aanleiding kan gee (Berkowitz, 1993; Burman & Reynolds, 1986; Krüger et al., 1993). Suid-Afrika toon 'n baie vinnige bevolkingsgroei wat hoofsaaklik in stede en plakkerskampe gekonsentreer is. Baie Suid-Afrikaners van historiese benadeelde gemeenskappe woon in informele behuising as gevolg van verstedeliking. Dié gebiede word deur uiterste armoede, werkloosheid, haglike lewensomstandighede en 'n hoë misdaadsyfer gekenmerk (Buckenham, 1999). Armoede veroorsaak nie noodwendig aggressie nie, maar eerder die faktore wat met armoede gepaard gaan, soos werkloosheid, 'n tekort aan geleenthede vir opleiding en opvoeding, asook 'n tekort aan behuising (Burman & Reynolds, 1986). Die bogenoemde situasies word deur hoë vlakke van sosiale stres gekenmerk en hierdie verhoogde gevoelens van frustrasie, hulpeloosheid en ontoereikende sosiale vaardighede om gepaardgaande uitdagings te hanteer, kan manifesteer in nog meer aggressiewe gedrag en geweld (Burman & Reynolds, 1986). Die tekort aan probleemoplossingsvaardighede veroorsaak dat die betrokke mense nie konstruktiewe oplossings kan vind wat hulle lewensomstandighede kan verbeter nie (Krüger et al., 1993).

In aansluiting hierby het Loeber en Hay (1997) ook gevind dat negatiewe lewensomstandighede positief korreleer met verhoogde aggressie en geweld by kinders.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Armoede en werkloosheid veroorsaak dat baie kinders in Suid-Afrika nie voldoende skoolonderrig ontvang nie en 'n onrusbarende aantal jong kinders beland op die straat, haweloos en onbeskermd. Sonder die positiewe struktuur van 'n ouerhuis en in die afwesigheid van skoolopleiding verswak die potensiaal om sosiale vaardighede aan te leer om lewensomstandighede beter te hanteer (Brown, 1997; Manganyl & Du Toit, 1990). Toby (aangehaal in Van den Berg, 1977) stel 'n baie belangrike vraag ten opsigte van die rol wat die skool speel by die aanleer van vaardighede:

> Suppose there were no schools, and parents educated their children in accordance with their own notions of what a child ought to know, would a child, who depended on the version of the cultural tradition transmitted by his parents, learn enough basic ideas and skills to function in a complicated society? (p, 335)

Die opvoedingstelsel het dus die taak om doeltreffende sosiale vaardighede, wat as 'n buffer kan dien teen die gebruik van aggressie, vir kinders te leer (Ramirez, 1994). 'n Gebrekkige opvoedkundige omgewing as gevolg van armoede veroorsaak 'n groter risiko vir manipulering deur die media, propaganda en persoonlike invloede. 'n Uitvloeisel hiervan is byvoorbeeld die voorkoms van ongedissiplineerde, werklose jong seuns wat by bendes aansluit (Manganyl & Du Toit, 1990). Binne 'n sosiale struktuur waar jeugdiges weinig toekomsvooruitsigte het, bied subkultuurgroepe soos bendes, sektes en ekstremistiese politieke groeperinge 'n aantreklike alternatief. Bendes heg baie waarde aan "manlikheid" en hulle verwag dat hul lede gehard, aggressief en gewelddadig moet wees (Berkowitz, 1993; Burman & Reynolds, 1986). Manlike bendeleiers, radikale politieke leiers en media-rolmodelle word dikwels aggressief voorgestel en dié tipe gedrag kan deur jeugdiges as goeie voorbeelde van manlikheid aanvaar word (Eagly & Steffen, 1986). Baie jong kinders word ook op direkte of indirekte wyse geïntimideer om

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

by bendes aan te sluit. Die bendeleiers word dus uit vrees gerespekteer en hulle gedrag word deur die jeug nagevolg. Dit is vir die kinders lonend om aggressiewe gedrag deel te maak van hul eie gedrag, want dit voorspel mag, geld en net so 'n opwindende lewe soos dié van bendelede (Manganyl & Du Toit, 1990). Indien die betrokke kinders oor die nodige konflikhanteringsvaardighede sou beskik, sal hulle besef dat probleme nie deur aggressie of geweld opgelos hoef te word nie. Kinders sal ook krisisse, soos intimidasie deur bendelede, beter kan hanteer deur probleemoplossingsvaardighede. Hierdie vaardighede rus die individue toe om verskillende feite oor 'n spesifieke situasie in te samel, die implikasies en gevolge van die situasie te analiseer en 'n besluit te neem wat rasioneel en sosiaal aanvaarbaar is.

Alle kultuurgroepe in Suid-Afrika is aan geweld blootgestel as gevolg van die politieke omstandighede in Suid-Afrika. Die apartheidsera is gekenmerk deur institusionele geweld en sosiale versette en sedert die 1980's tot 1994 het ongeveer 12000 mense in politieke geweld gesterf (Buckenham, 1999). In die lig van dié historiese konteks beskou baie Suid-Afrikaners steeds aggressie as die ooglopendste manier om probleme op te los. Die staat se optrede om geweld te hanteer – in die verlede–het ook tot die hoë voorkoms van aggressiewe gedrag in die gemeenskap bygedra. Die voorval in Langa naby Uitenhage op 21 Maart 1985 (Fourteen people shot at Langa, 1985) is maar een van die voorbeelde van hoe die staat die gemeenskap aan geweld blootgestel het:

> Fourteen people were shot dead and many were wounded when police opened fire today on a crowd of more than 3000 in Langa township near Uitenhage... Police opened fire with semi-automatic rifles and shotguns when an order to disperse was met with stones and other missiles. (p.1)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Berkowitz (1993) beweer dat 'n volwassene wat as kind aan voortdurende geweld blootgestel is, dieselfde gedrag sal openbaar wanneer met probleme gekonfronteer word. Die blootstelling aan politieke geweld in Suid-Afrika het veroorsaak dat meer adolessente by misdaad en geweld betrokke geraak het. Buckenham (1999) rapporteer inderdaad dat die 1990's gekenmerk is deur die toename in adolessente oortreders.

3.1.2. Media

Die gemeenskap word ook deur die media aan geweld blootgestel. Dit veroorsaak dat mense emosioneel gedesensitiseer word teen geweld en aggressie (Heusmann, 1986). Volgens Heusmann is kinders geneig om meer aggressief op te tree nà blootstelling aan aggressiewe of gewelddadige televisie-programme. Nadat televisie in 1974 in Suid-Afrika bekendgestel is, het moord onder die blanke populasie oor die daaropvolgende nege jaar met 56% toegeneem (Television Statistics, 2001). Volgens Eron (1986) speel televisie 'n groot rol by modellering van geweld, "Much of what they (children) see on TV represents violence as an appropiate way to solve interpersonal problems, to avenge slights and insults, make up for injustice, and get what you want out of life"(p. 155). Goeie kommunikasiesvaardighede en ontsluiting kan 'n mens help om gevoelens oor geweld in die media met ander te bespreek en dit te bevraagteken sodat aggressie nie net die enigste aanvaarbare vorm vir konflikhantering word nie (Hargie et al., 1994).

3.2. Interpersoonlike faktore

3.2.1. Gesin

Die gesin is die primêre bron van sosialisering. Sosialisering van kinders vind op verskeie maniere plaas soos onder andere deur modellering van die ouers en die toepassing van dissipline (Hinde & Grobel, 1991). Deur middel van interaksie met gesinslede leer kinders verskillende gedragspatrone aan wat ook buite die gesinstruktuur toegepas word (Baron & Richardson, 1994; McKendrick & Hoffman, 1990; Swarts, 1996).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens Swarts kan die gesin as 'n mikrokosmos van die samelewing beskryf word en die voorkoms van geweld of aggressie in 'n spesifieke samelewing hou verband met die vlak van aggressie in die gesinslewe. Die gesin kan dus as die oorsaaklike sowel as die instandhoudende mag van aggressie gesien word, aangesien blootstelling aan aggressie tydens die kinderjare veral in die volwasse lewe manifesteer. Alle jong kinders openbaar aggressiewe gedrag maar aangesien kinders nie noodwendig die sosiale vaardighede besit om aggressiewe gedrag outomaties te inhibeer nie, kan die aggressiewe gedrag met verloop van tyd net vererger (Spence & Shepherd, 1983). Navorsing bewys dat die meeste kinders wat 'n tekort aan sosiale vaardighede het, sukkel om aan die verwagtinge van die samelewing te voldoen en hulle het ook moeite om belangrike ontwikkelingsfases suksesvol af te handel (Rubin & Ross, 1982).

Volgens Krüger et al. (1993) en Matlack, McGreevey, Rouse, Flatter en Marcus, (1994) het die kwaliteit van die verhouding tussen kind en ouer 'n groot invloed op die aanleer van sosiale vaardighede en dus die ontwikkeling van aanvaarbare gedrag. In hierdie verband is effektiewe kommunikasie tussen gesinslede van kardinale belang om konflik te hanteer en so ook moontlik 'n konstruktiewe alternatief vir aggressie te bied. Die kinders kan dus deur goeie kommunikasie-en konflikhanteringsvaardighede leer dat konflik nie deur aggressie opgelos hoef te word nie, maar wel deur meer sosiaal aanvaarbare maniere.

Ongeveer 60% tot 70% van die Suid-Afrikaanse adolessente wat gewelddadige moordenaars is het 'n geskiedenis van fisiese mishandeling as kind (Krüger et al., 1993). Die mishandeling van kinders en vroue kom baie dikwels voor in outoritêre en patriargale gesinne. Statistiek in Suid-Afrika toon dat 81% van die mans wat hul vroue mishandel, in gewelddadige huise grootgeword het. Een uit elke drie vroue in Suid-Afrika word deur haar man of mansvriend mishandel (Buckenham, 1999). Soos vrouens, is kinders ook 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

teiken van geweld in gesinne waar mans op outokratiese en aggressiewe wyse gesag afdwing. Vroue en kinders is magteloos in dié gesinne, aangesien baie vroue onderdanig aan hul mans is uit vrees vir hul en hul kinders se fisiese en psigiese welstand.

Kindermishandeling vind ook plaas deur middel van aggressiewe dissipline wat deur die ouers toegepas word. Aggressiewe dissipline kom algemeen in Suid-Afrikaanse gesinne voor en ouers wat grootgeword het met dié tipe dissipline is meer geneig om ook van soortgelyke dissipline gebruik te maak (McKendrick & Hoffman, 1990). Hierdie tipe dissipline lei daartoe dat kinders aanleer dat probleme deur aggressie opgelos kan word of dat andere se gedrag deur aggressiewe optrede gemanipuleer kan word. Deurdat ouers van aggressiewe dissipline gebruik maak, word kinders nie belangrike sosiale vaardighede soos konflikbestuur, effektiewe kommunikasie en probleemoplossings-vaardighede geleer nie (Stavrou, 1993). Verder is inkonsekwente toepassing van dissipline en oneffektiewe ouerlike rolle ook oorsake van gedragsprobleme omdat dit verwarring by kinders skep en kinders hierdie verwarring deur middel van aggressiewe optredes kommunikeer. Hierdie kinders toon ook dikwels 'n tekort aan sosiale vaardighede (Curran & Monti, 1982).

In die Hotaling-Sugarman-navorsing is daar gevind dat 90% van die mans wat hulle vroue mishandel het, as kinders aggressie in hulle eie gesinne waargeneem het (Berkowitz, 1993). Dié mans het nie net hul aggressie op hul gesinne gerig nie maar ook op ander. 'n Verdere bewys van gemodelleerde aggressie is deur 'n gewelddadiger aan 'n psigiater gestel (Straus, Gelles & Steinmetz, 1980):

> Violence is in a way like bad language something that a person like me's been brought up with, something I got used to very early on as part of the daily scene of childhood.....As long as I can remember I've seen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> violence in use all around me my mother hitting the children; my brother and sisters all whacking our mother or other children; the man downstairs bashing his wife and so on. (p. 121)

Indien kinders probleemoplossingsvaardighede geleer het sal die blootstelling aan aggressie nie noodwendig uitloop op die gebruik van aggressie in hul volwasse lewens nie. Kinders sal dan probleemsituasies analiseer en 'n meer toepaslike keuse maak om ontslae te raak van hul eie aggressie asook hul gevoelens oor hul aggressiewe modelle. Verder kan ontsluiting as 'n vaardigheid kinders help om hul gevoelens te deel met andere soos byvoorbeeld professionele persone. Selfgelding kan kinders verder help om nie 'n slagoffer te word van aggressie nie, maar om sterk standpunt in te neem teen aggressie en geweld.

Kindermishandeling vind verder ook dikwels plaas in enkelouergesinne (Steyn, 1991). Suid-Afrika het van die hoogste egskeidingsyfers ter wêreld wat onder alle kultuurgroepe, maar veral onder blankes, manifesteer. By twee derdes van alle egskeidings is daar jong kinders betrokke. Navorsing het getoon dat 72% van die ma's van mishandelde kinders jonger as twintig was met die geboorte van hulle kinders, en die meeste was ook ongetroud (Buckenham, 1999). Enkelma's wat nie die ondersteuning van 'n man het met die grootmaak van hul kinders nie is onder meer spanning en is geneig om frustrasies in die vorm van aggressie op die kinders uit te haal (McKendrick & Hoffman, 1990). Volgens Perry (aangehaal in Clark, 1998) kan kinders wat mishandel of verwaarloos word en wat aan baie spanning blootgestel word, se breinontwikkeling op verskillende vlakke beïnvloed word. Hierdie kinders se vermoë tot abstrakte denke en probleemoplossing is meer beperk en hulle verbale kommunikasie, leervaardighede en konsentrasie word ook negatief beïnvloed. Dié kinders ondervind probleme om verhoudings te bou omdat hulle geneig is om niemand te vertrou nie en het 'n tekort aan empatie vir ander. Hulle lewe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dikwels in 'n toestand van hiperopwekking wat veroorsaak dat hulle maklik aggressief optree indien enige faktore verder tot hul spanning bydra. Navorsing in Suid-Afrika het getoon dat sekere kultuurgroepe soos die laer sosio-ekonomiese bruin bevolking meer geneig is tot enkelouergesinne as die ander bevolkingsgroepe. Tradisioneel is swart gesinne hoofsaaklik uitgebreide gesinne, maar as gevolg van armoede, verstedeliking en behuisingsprobleme is die meeste swart gesinne in Suid-Afrika ook enkelouergesinne. Baie van dié kinders word in die sorg van ander familielede geplaas. Baie van dié familielede het nie die kennis of vaardighede om die kinders te dissiplineer nie en dié kinders is dikwels baie opstandig. Navorsing toon verder dat selfs in gesinne waar daar geen kindermishandeling en verwaarlosing plaasvind nie, asook geen huweliksprobleme is nie, 'n groot persentasie kinders nog steeds aggressiewe gedrag openbaar as gevolg van 'n tekort aan sosiale vaardighede by die ouers of opvoeders (Curran & Monti, 1982; Gagnon, Graig, Tremblay, Zhou & Vitaro, 1995; Lewis, 1991; Steyn, 1991).

Soos reeds genoem speel ouerlike liefde en aanvaarding van hul kinders 'n belangrike rol by die ontwikkeling van aggressie by die betrokke kinders. Navorsing toon dat 50% van die seuns met gedragsprobleme, wat by misdaad betrokke was, nie deur hul ouers aanvaar is nie (Berkowitz, 1993). Volgens Schneider (1991) is dit belangrik om aggressiewe kinders so vroeg moontlik te identifiseer sodat hulle sosiale vaardighede soos selfgelding, konflikbestuur en effektiewe kommunikasie kan aanleer. Die daaropvolgende meer sosiaal aanvaarbare gedrag van die kinders, kan verder versterk word wanneer daar 'n verbetering in die verhoudings met hul vriende en ouers plaasvind (Akhtar & Bradley, 1991).

3.2.2 Opvoedingstelsel buite die gesin

Skole en portuurgroepe kan beskou word as aanvullend tot die gesin ten opsigte van die sosialisering en opvoeding van die kind. Dit is binne hierdie raamwerk wat die kind

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verder sosiale norme asook sosiale vaardighede absorbeer en internaliseer. Binne 'n gemeenskap wat gekenmerk word deur aggressie is dit nie verbasend as aggressie in verskeie vorme ook op die skool se speelterrein manifesteer nie. Verskeie argumente kan aangevoer word ter verklaring waarom kinders ook in hierdie konteks aggressiewe gedrag aanleer. Kinders vertrou hul eie portuurgroep en is meer geneig om intieme sake met mekaar te deel. Die portuurgroep word dus 'n waardevolle bron van emosionele ondersteuning waar die vaardigheid van ontsluiting aangeleer word (Rubin & Ross, 1982). Gegewe die Suid-Afrikaanse realiteit van 'n sosio-politiese onveilige omgewing waar net die sterkste of dominante oorleef, is dit nie verbasend dat kinders aggressiewe gedrag openbaar en modelleer nie. Daarmee saam kom ook die ouderdomsverwante behoefte aan portuurgroepaanvaarding wat lei tot verdere modellering van ander se sosiale vaardighede.

Navorsing toon dat ongewilde kinders wat deur hul portuurgroep verstoot is, meer geneig is tot problematiese gedrag omdat hulle nie die geleentheid gekry het om te sosialiseer met hul portuurgroep en die nodige sosiale vaardighede aangeleer het nie. Hierdie kinders is meer geneig tot jeugmisdaad (Argyle, 1981). 'n Mens sou kon argumenteer dat die sogenaamde ongewilde kind wel aanvaarding vind by ander randfigure of groepe soos bendes maar dààr ongelukkig verdere blootstelling kry aan disfunksionele sosiale vaardighede. Soos dus duidelik geïllustreer in die Suid-Afrikaanse samelewing, kan 'n bose kringloop plaasvind waar, in die afwesigheid van funksionele sosiale vaardighede, aggressie verdere aggressie kweek (Wedge, Boswell & Dissel, 2000). Kinders met 'n tekort aan sosiale vaardighede verwar dikwels selfgelding met dominerende en gewelddadige gedrag. Daar kan ook geargumenteer word dat hulle ander se gedrag misinterpreteer en op anti-sosiale of aggressiewe wyse reageer. Navorsing dui daarop dat hierdie kinders ook meer geneig is om in hulle adolessente jare verhoudingsprobleme te ervaar omdat die nodige sosiale vaardighede om vriendskappe te bou, nie aangeleer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is nie. Hierdie adolessente is geneig tot aggressie, grootpratery en onvanpaste sosiale gedrag. In volwasse verhoudings sal dié persone verder geneig wees tot emosioneel en fisies afbrekende gedrag wat aggressiewe optredes insluit (Middleton & Cartledge, 1995; Rubin & Ross, 1982).

Behalwe die rol wat 'n portuurgroep speel in die skoolkonteks, moet aandag ook geskenk word aan die rol van die opvoeders. Indien die opvoeders nie oor die nodige sosiale vaardighede beskik nie, sal die leerders ook nie die nodige sosiale vaardighede deur modellering aanleer nie. Suid-Afrika het baie probleme met opstandige en ongedissiplineerde, aggressiewe leerders en navorsing toon dat baie van dié geweld wat in Suid-Afrikaanse skole plaasvind, veroorsaak word deur sommige opvoeders wat nie oor die nodige sosiale vaardighede beskik om die kinders op geskikte maniere te dissiplineer nie. Dié opvoeders maak gebruik van aggressiewe dissipline soos strafmetodes wat aggressie kan versterk, byvoorbeeld lyfstraf of emosionele afknouing, in plaas van strafmetodes wat opbouend is vir die leerder (McKendrick & Hoffman, 1990). Die skool is dikwels 'n toevlugsoord vir gedepriveerde kinders en dit is baie belangrik dat hulle veilig moet voel in die omgewing, aanvaar moet word deur die opvoeders en ondersteuning ontvang. Die opvoeders moet die leerders help om hul frustrasies en aggressie op 'n konstruktiewe manier te kanaliseer (McKendrick & Hoffman, 1990). Indien die opvoeders dus sosiale vaardighede soos kommunikasievaardighede, probleemoplossingsvaardighede en selfgelding besit kan hulle meer positiewe verhoudings met die leerders in stand hou. Indien leerders en opvoeders dus die nodige sosiale vaardighede besit kan probleme op 'n meer konstruktiewe manier opgelos word en aggressie vermy word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4. Samevatting en aanbevelings

Die lewenskwalitiet van Suid-Afrikaners is besig om te swig onder die hoeveelheid geweld wat tans in die land heers (Buckenham, 1999). Professionele mense verlaat die land uit vrees vir hul lewens of die toekoms van hul kinders, terwyl die histories kwesbare gemeenskappe swaar gebuk gaan onder sosio-ekonomiese druk en steeds eskalerende geweld. Hierdie stand van sake het 'n negatiewe impak op alle vlakke van die samelewing, beide vir die hede en die toekoms. Daar is 'n groot behoefte aan navorsing en toepaslike ingrepe om hierdie probleem aan te spreek.

Die kompleksiteit van die interaksie tussen aggressie en sosiale vaardighede, asook die tekort aan navorsing oor die onderwerp in Suid-Afrika, word in die literatuuroorsig uitgelig. Navorsingsresultate oor die verband tussen aggressie en sosiale vaardighede bly agterweë om 'n duidelike verklaring van die wisselwerking tussen hierdie faktore te gee. Sosiale vaardighede word ook dikwels as 'n algemene konstruk bespreek met min verwysing na meer spesifieke sosiale vaardighede.

Navorsing bevestig wel die hipotese dat 'n toename in aggressiewe gedrag positief korreleer met 'n tekort aan sosiale vaardighede. Dus kan aggressiewe gedrag manifesteer waar daar 'n leemte aan kommunikasievaardighede, selfgelding, konflikbestuur, ontsluiting en die vaardigheid om ander emosioneel te ondersteun is. Sosiale vaardighede rus individue dus toe om 'n beter begrip van die komplikasies van hul en ander se aggressiewe gedrag te kry en ook om probleme eerder op 'n meer konstruktiewe manier op te los.

Die sosiale vaardigheid wat prominent uitstaan by die hantering van verskillende probleemsituasies is kommunikasie. Hierdie vaardigheid bied die individu die geleentheid

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

om ander nodige sosiale vaardighede soos selfgelding, emosionele ondersteuning en ontsluiting doeltreffend te gebruik.

Wat duidelik uit die voorafgaande literatuuroorsig blyk is dat daar 'n komplekse verband tussen aggressie en sosiale vaardighede is en dat die aanleer of toepassing van die een of die ander groot implikasies inhou vir die individu en die gemeenskap. Individue wat oor sosiale vaardighede beskik en dit doeltreffend gebruik, se lewenskwaliteit is beter aangesien sosiale vaardighede van nut is by die hantering van verhoudings asook probleemsituasies. Hierdie vaardighede dien dus as buffer sodat probleemsituasies en lewensomstandighede nie so spanningsvol is nie.

Aggressiewe gedrag en sosiale vaardighede word baie maklik aangeleer deur modellering. Ouers en opvoeders is dikwels onbewus van die implikasie van hul gedrag in die teenwoordigheid van veral kinders. 'n Beter begrip van die aanleer en oordrag van sosiale vaardighede, hetsy binne gesins-, skool- of gemeenskapsverband, sal verder bydra tot die ontwikkeling van toepaslike intervensies.

Toekomstige navorsing sal ook kennis moet neem van die unieke aard van die Suid-Afrikaanse gemeenskap met sy kulturele diversiteit en sosio-politiese agtergrond. Meer aandag moet geskenk word aan kulturele en sosio-politiese faktore wat 'n invloed het op die aanleer van aggressie en sosiale vaardighede, nie alleen om die aard van hierdie verwantskap beter te verstaan nie maar om sinvolle aanbevelings te kan maak ten opsigte van intervensies. Sosiale vaardigheidsopleidingsprogramme kan veral waardevolle bydraes lewer in die historiese benadeelde gemeenskappe om sodoende te help met die bekamping van aggressie en geweld. Navorsing oor watter spesifieke sosiale vaardighede die mees belangrikste is om aggressie aan te spreek word aanbeveel want dit kan help om opleidingsprogramme meer spesifiek te hou. Soos uit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die literatuurstudie duidelik geblyk het is die kinderjare 'n kritieke tyd vir die aanleer van aggressie en/of sosiale vaardighede. Dit sou dus sinvol wees om in toekomstige navorsing spesifiek te fokus op hierdie ontwikkelingsfase. Ander navorsing met leerders wat meer gerig is op die invloed van portuurgroepe en die effek van verskillende dissiplineringsmetodes kan meer lig werp op die aanleer en interaksie tussen aggressie en sosiale vaardighede.

Hierdie werkstuk is net 'n beperkte eksplorasie van die komplekse interaksie tussen aggressie en sosiale vaardighede. Die Sielkundige-dissipline kan 'n belangrike bydrae lewer om die tekort aan nodige navorsing aan te spreek asook die ontwikkeling van toepaslike intervensie-programme gemik op die opbou van sosiale vaardighede en die voorkoming van aggressie en geweld.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERWYSINGSLYS

Akhtar, N., & Bradley, E.J. (1991). Social information processing deficits of aggressive children: Present findings and implications for social training. Clinical Psychology Review, 11, 621-644.

American Academy of Child and Adolescent Psychiatry (1999). Violent behavior in children and youth: Preventive intervention from a psychiatric perspective. Journal for American Academy of Child and Adolescent Psychiatry, 38(3), 235-241.

Argyle, M. (1981). Social skills and health. London: Methuen.

Bandura, A. (1973). Aggression, a social learning analysis. New Jersey: Prentice-Hall.

Baron, R., & Richardson, D.R. (1994). Human aggression. New York: Plenum.

Berkowitz, L. (1993). Aggression: Its causes, consequences, and control. New York: McGraw-Hill.

Brennan, W. (1998). Aggression and violence: Examining the theories. Nursing Standard,12 (27), 36-38.

Brown, R. (1997). Die ontwikkeling van 'n opleidingsprogram ter bevordering van jeugmisdadigers se assertiewe vaardighede: Die kortermyn-effek. Ongepubliseerde magistertesis, Universiteit van Stellenbosch.

Buckenham, K. (1999). Violence against women: A resource manual for the church in South Africa. Pietermaritzburg: PACSA.

Buhrmester, D., Furman, W., Wittenberg, M.T., & Reiss, H.T. (1988). Five domains in interpersonal competence in peer relationships. Journal of Personality and Social Psychology, 55(6), 991-1008.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Burman, S., & Reynolds, P. (1986). Growing up in a divided society: The contexts of childhood in South Africa. Evanston: Northwestern University Press.

Buss, A.H. (1961). The psychology of aggression. New York: Wiley.

Clark, M.E. (1998). Aggressivity and violence: An alternative theory of human nature. Onttrek 13 September 2001 van die "World-Wide Web": http//www.gmu.edu/academic/pcs/clark.html

Covey, M.K., & Dengerink, H.A. (1984). Development and validation of a measure of heterosocial conflict resolution ability. Behavioral Assessment, 6, 323-332.

Curran, J.P., & Monti, P. (1982). Social skills training. New York: Guilford Press.

Derde moord in maand by Mosselbaai. (12 Junie 2001). Die Burger, p. 1.

Dodge, K. A., Bates, J. E., & Pettit, G.S. (1990). Mechanisms in the cycle of violence. Science, 250,1678-1683.

Dubbele plaasmoorde skok. (2 Junie 2001). Die Burger, p. 1.

Eagly, A.H., & Steffen, V.J. (1986). Gender and aggressive behavior. Psychological Bulletin, 84, 634-660.

Eron, L.D. (1986). Interventions to mitigate the psychological effects of media violence on aggressive behavior. Journal of Social Issues, 42, 155-169.

Fourteen people shot at Langa. (1985, March 21). Cape Argus, p.1.

Gagnon, C., Graig, W.M., Tremblay, R.E., Zhou, R.M., & Vitaro, F. (1995). Kindergarten predictors of boys' stable behavior problems at the end of elementary school. Journal of Abnormal Child Psychology, 23, 751-766.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Goldstein, A.P., Carr, E. G., Davidson, W.S., & Wehr, P. (1981). In response to aggression: Methods of control and prosocial alternatives. New York: Pergamon Press.

Grohol, G. (1995). Violence on television. Onttrek 1 Julie 2001 van "World Wide Web" http://www.psc.uc.edu/sh.html

Hains, A.A., & Herrman, L.P. (1989). Social cognitive skills and behavioral adjustment of delinquent adolescents in treatment. Journal of Adolescence, 12, 323-328.

Hargie, O., Saunders, C., & Dickson, D. (1994). Social skills in interpersonal communication. London: Routledge.

Heimberg, R.G., & Becker, R.E. (1981). Cognitive and behavioral models of assertive behavior: Review, analysis and integration. Clinical Psychology Review, 1, 353-375.

Heusmann, L.R. (1986). Psychological processes promoting the relation between exposure to media violence and aggressive behavior by the viewer. Journal of Social Issues, 42, 125-139.

Hick, G. (1986). Aggressiveness, assertiveness and submission among black adolescents. Ongepubliseerde magistertesis, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.

Hinde, R.A., & Grobel, J. (1991). Co-operation and prosocial behavior. New York: Cambridge University Press.

Krüger, C., Rech, L., & Van Staden, C.W. (1993). Aggressie in adolessensie. Geneeskunde, 8, 9-15.

Lewis, D.O. (1991). The development of the symptom of violence. Maryland: Williams & Wilkins.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Loeber, R., & Hay, D. (1997). Key issues in the development of aggression and violence from childhood to early adulthood. Annual Review of Psychology, 48, 371-411.

Manganyl, N.C., & Du Toit, A. (1990). Political violence and the struggle in South Africa. London: Macmillan.

Matlack, M. E., McGreevey, M.S.M., Rouse, R.E., Flatter, C., & Marcus, R.F. (1994). Family correlates of social skills deficits in incarcerated and non-incarcerated adolescents. Adolescence, 29, 117-132.

McKendrick, B., & Hoffman, W. (1990). People and violence in South Africa. Cape Town: Oxford University Press.

Middleton, M.B., & Cartledge, G. (1995). The effects of social skills instruction and parental involvement on the aggressive behaviors of African American males. Behavior Modification, 19(2), 192-210.

Moord op skoolmeisies, lyk by rivierwal afgegooi. (11 Junie 2001). Die Burger, p.1.

Munro, F.M. (1995). Social skills difference in aggressive and non-aggressive male youth offenders within an unfamiliar social situation. Medical Science Law, 35(3), 245-248.

National and Provincial Crime Statistics. (Desember,2000). Crime statistics. Onttrek 28 Januarie van die 2001 "Word-Wide Web": htpp://www.saps.co.za/8_crimeinfo/398/executive_summary.html

Pretorius, J.C. (1986). Selfgeldingopleiding met aggressiewe antisosiale persoonlikhede. Ongepubliseerde magistertesis, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Ramirez, J.M. (1994). Violence some alternatives: Can experiences of other countries help South Africa? Madrid: Centreur.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Richardson, D.R., Spina, P., Green, L., & Oksengorn, M. (1998 September). Gender, age and individual difference predictors of direct and indirect aggression. Paper presented at the British Psychological Society conference. Canterbury, England.

Rowers skiet twee polisie dood in Paardeneiland. (1 Junie 2001). Die Burger, p.1.

Rubin, K.H., & Ross, H.S. (1982). Peer relationships and social skills in childhood. New York: Springer-Verlag.

Schneider, B.H. (1991). A comparison of skill-building and desentization strategies for intervention with aggressive children. Aggressive Behavior, 17, 301-311.

Soldaat skiet ma van sy kind op Montagu dood; pleeg selfmoord. (28 Junie 2001). Die Burger, p.1.

Spence, S., & Shepherd, G. (1983). Developments in social skills training. London: Academic Press.

Stavrou, V. (1993). Psychological effects of criminal and political violence on aggression. The Child Care Worker, 11(7), 3-5.

Steyn, A.F. (1991). The changing family in South Africa. South African Journal of Sociology, 22(1), 23-30.

Straus, M.A., Gelles, R.J., & Steinmetz, S. K. (1980). Behind closed doors: Violence in the American family. New York: Anchor.

Swarts, M. (1996). The family: Cradle of violence in South Africa. Recovery, 1(4), 40-44.

Television Statistics (Julie, 2001). Statistics. Onttrek 02 Julie 2001 van "World-Wide Web": htpp://www.apa.org/pubinfo/violence.htm.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tower, P., Bryant, B., & Argyle, M. (1978). Social skills and mental health. London: Methuen.

Van den Berg, J.H. (1977). Die ontplooiing van die sosialiseringsproses binne enkele subsisteme van die samelewing. 'n Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Potchefstroom.

Van der Westhuizen, J. (1982). Geweldsmisdaad in Suid-Afrika. Pretoria: Sigma.

Water, E., Wippman, J., & Stroufe, L.A. (1979). Attachment, positive affect and competence in the peer group: Two studies in construct validation. Child Development, 50, 821-829.

Wedge, P., Boswell, G., & Dissel, A. (2000). Background to a replicative pilot study of violent offenders in South Africa. Acta Criminologica, 13(1), 16-22.

Wes-Kaap moord-mekka. (11 Junie 2001). Die Burger, p. 1.